Sny hier oop ⟶

Sny hier oop—To open cut

DAAR MAG NIKS BY 'N LUGBRIEF INGESLUIT WORD NIE; AS ENIGIETS WEL INGESLUIT WORD, SAL DIE BRIEF BEBOET OF PER LANDPOS AANGESTUUR WORD.

AN AIR LETTER SHOULD NOT CONTAIN ANY ENCLOSURE; IF IT DOES IT WILL BE SURCHARGED OR SENT BY SURFACE MAIL.

NAAM EN ADRES VAN AFSENDER
SENDER'S NAME AND ADDRESS

W. Kotzé
Windsor Vues
Percy Osbornweg 340
Durban

Tweede vou—Second fold

AIR LETTER LUGBRIEF AEROGRAMME

DURBAN 11.00 23 III 1968

KO... GET HOME SAFELY




Mej. M. v.d. Walt
Jeug sentrum A 315
Vermeulen Str.
Pretoria

Beste Mej v.d. Walt,

Durban
19.3.68

Dag sê en mag ek net by u aanklop met 'n uitnodiging om deel te neem aan my radio programme van boodskappe en plate aan ons manne by die Suidpool. Hierdie programme word waargeneem deur die welwillendheid van Radio Nederland.
Hier is wat gedoen moet word. Gebruik 'n oorsee se lugpos briefie dit kos 5 sent en geen verdere seël is nodig. Die program is gratis. Stuur daarmee 'n boodskap van tussen 30 & 40 woorde en vra ook vir 'n gunsteling plaat. Adresseer dit aan – "Die Afrikaanse Afdeling Radio Nederland Wêreldomroep Posbus 222, Hilversum Nederland."

Eerste vou—First fold

Stuur dit vraag elke maand.
Die programme kan gehoor
word op die laaste Saterdag
van elke maand vanaf
6 N.M. tot 6:50 N.M ons tyd oor
die 13 & 25 Meterbande.
Dan op die eerste Saterdag
van elke maand luister
ook vir boodskappe van
die manne daar aan
julle almal tuis.
So onthou ons ontmoet-
voor die radio op die
eerste en laaste Saterdag
van elke maand.
Sorg dat hy gereeld sy
boodskap van u hoor op
die laaste Saterday van
elke maand.
Probeer intussen die uitsending
vind want daar word



uitgesaai op elke weeksdag
behalwe Sondae. om dieselfde
tyd en golflengte.
Luister na die klokkespel
die erkenning sein van
Radio Nederland.
Indien enige verdere
inligting verlang word
vra asseblief.
So lekker luister en
laat my weet of u
ingeskakel het.
Luister reeds op 6/4/68 vir
'n boodskap van Johan.
Sy ouers was hier en het
'n opname gemaak.
Tot ons weergesiens
alles wat mooi is
Totsiens
Willie Kotze